



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2022

# NASIENRIGLYNE

**GEOGRAFIE (VRAESTEL 2) (10782)**

**28 bladsye**

**BEGINSELS VIR NASIEN VAN GEOGRAFIE – 2022**

Die volgende nasienbeginsels is ontwikkel om die nasienprosesse te standaardiseer.

**NASIEN**

- ALLE vrae MOET nagesien word, ongeag of dit korrek of verkeerd is.
- Waar die maksimum punte vir ŉ spesifieke vraag toegeken is, plaas ŉ Ⓜ oor die res van die teks om aan te dui dat die maksimum punte behaal is.
- ŉ Duidelike, netjiese regmerkie moet gebruik word: √
  - o Indien EEN punt toegeken word, moet EEN regmerkie gebruik word: √
  - o Indien TWEE punte toegeken word, moet TWEE regmerkies gebruik word: √√
  - o Die regmerkie moet geplaas word by die FEIT waarvoor die punt toegeken word.
  - o Regmerkies moet KLEIN gehou word, aangesien verskeie vlakke van moderering kan plaasvind.

- Verkeerde antwoorde moet met ŉ duidelike, netjiese kruisie gemerk word: X
  - o Gebruik MEER as een kruisie (x) oor ŉ paragraaf/besprekingstylvrae om aan te dui dat alle feite in ag geneem is.
  - o MOENIE ŉ streep deur ŉ verkeerde antwoord trek nie.
  - o MOENIE die verkeerde feite onderstreep NIE.

**LET OP DIE VOLGENDE**

- Indien die nommering verkeerd is of weggelaat is, solank die volgorde van antwoorde op vrae gevolg word, kan kandidate gekrediteer word.
- Spelfoute – as die antwoord herkenbaar is, ken die punte toe mits die betekenis korrek is.
- Wees sensitief vir die konteks van ŉ antwoord, wat op ŉ ander manier gestel kan word.
- In vrae waar ŉ letter die verwagte antwoord is, maar die leerder die werklike antwoord skryf – ken die punte toe.

**TOTALE EN OORDRAG VAN PUNTE**

- Elke subvraag moet opgetel word.
  - o Vrae in Afdeling A het vyf onderafdelings, daarom word vyf subtotale per vraag vereis. Afdeling B het drie onderafdelings en drie subtotale.
  - o Onderafdelingtotale moet in die regterkantse kantlyn aan die einde van die onderafdeling geskryf en onderstreep word.
  - o Subtotale moet leesbaar geskryf word.
  - o Laat ruimte oop om gemodereerde punte op verskillende vlakke te skryf.
- Tel subtotale op en dra die totaal oor na die boonste linkerkantse kantlyn langs die vraagnommer.
- Dra totale oor na die omslag van die antwoordboek.

**MODERERING**

Nasien moet op elke vlak van moderering geskied op dieselfde manier as die aanvanklike nasien. Alle riglyne vir nasien moet nagekom word.

Indien ŉ punt vir ŉ subvraag na moderering verander word, moet die moderator die nasiener se punt doodtrek en die nuwe punt soos volg neerskryf, ~~12~~ 16.

Die totaal vir die vraag moet herbereken word, en geskrap word, en die nuwe totaal moet soos volg neergeskryf word, ~~26~~ 36.

**AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN DIE EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA**

**VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS**

1.1 Verskeie opsies word verskaf as ŉ moontlike antwoord op die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Die hoof kommersiële sone van ŉ stedelike gebied is die ...

***A (1)/sentrale sakekern***

1.1.2 Die … grondgebruiksone word gekenmerk deur die meeste besoedeling.

***C (1)/ industriële***

1.1.3 Die … grondgebruiksone is onaantreklik, met hoë grondwaardes.

***B (1)/ oorgang***

1.1.4 Die grondwaarde in hierdie grondgebruiksone is die goedkoopste.

***C (1)/ Landelik-stedelike randgebied***

1.1.5 Die grondgebruiksone wat die hoogste geboudigtheid.

***A (1)/Sentrale sakekern***

1.1.6 ŉ Kommersiële sone, geleë in die voorstede, staan bekend as die ...

***C (1)/Voorstedelike besigheidsdistrik***

1.1.7 Die grondgebruiksone waar die meeste mense woon.

***D (1)/Residensiële sone***

1.1.8 Lughawens is gewoonlik in hierdie grondgebruiksone geleë.

***B (1)/ Landelik-stedelike randgebied***

(8 x 1) (8)

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – H) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.8 I.

1.2.1 ***H (1) Natpunt***

1.2.2 ***G (1)/Landelike nedersettings***

1.2.3 ***F (1)/Verspreid***


1.2.4 ***B (1)/Terrein***

1.2.5 ***C (1)/Kern***

1.2.6 ***A (1)/Stedelike nedersettings***

1.2.7 ***E (1)/Ligging*** (7 x 1) (7)

1.3 Verwys na die infografika oor Suid-Afrika se landelike bevolkingstendense van 2009 tot 2020.




**[Bronne: https://tradingeconomics.com/south-africa/rural-population-wb-data.html; https://slideplayer.com/slide/4385253/; https://slideplayer.com/slide/7501747/]**

1.3.1 Definieer die term *landelike ontvolking.*

***Die afname in die aantal mense wat in 'n landelike gebied woon. (2)***
[KONSEP] (1 x 2) (2)

1.3.2 Verskaf 'n bewys vanaf die bevolkingsgrafiek dat landelike ontvolking 'n werklikheid in Suid-Afrika is.

***Die grafiek toon 'n afname in bevolking vanaf 2017 (19 480 000) tot 2020 (19 320 000). (1)*** (1 x 1) (1)

1.3.3 Beskryf die impak van landelike ontvolking op die ekonomie van landelike gebiede.

***Sluiting van skole, klinieke en dienste (bv. plase sal gesluit word) beteken mense sal hul werk verloor. (2)***
***Daar sal verminderde welvaart in landelike gebiede wees, dus geen koopkrag nie. (2)***
***Die vraag na landelike dienste sal verminder – daar sal mense sonder werk en sonder ’n inkomste wees. (2)***
***Winkels sal sluit aangesien die koopmark baie kleiner sal wees. (2)***
***Dorpe sal spookdorpe word omdat daar minder ekonomiese aktiwiteite sal wees om die instandhouding van die infrastruktuur te ondersteun. (2)***
***Minder werksgeleenthede dus ’n kleiner inkomste. (2)***
***[Enige TWEE. Voorbeelde kan gekoppel word]*** (2 x 2) (4)

1.3.4 In ’n paragraaf van ongeveer AGT reëls maak voorstelle aan die plaaslike regering hoe om die tendens van landelike ontvolking te verminder, en verduidelik wat die impak daarvan sal wees op die landelike ekonomie soos in die infografika aangedui word.

***Adverteer landelike gebiede om mense na die gebied terug te lok vir meer koopkrag. (2)***
***Skep ontspanningsbesienswaardighede in landelike gebiede om mense na hierdie gebiede te lok/mense in die area te hou. (2)***
***Ontwikkel die landelike gebiede in toeriste-aantreklikhede om daardie gebiede ’n ekonomiese inspuiting te gee. (2)***
***Herstel ou geboue in toeriste-aantreklikhede of hotelle om mense na die area te lok. (2)***
***Ontwikkel dienste (aanvaar voorbeelde van dienste) om die jeug terug te lok na die landelike gebiede. (2)***
***Desentralisasie van nywerhede na landelike gebiede om werk te skep. (2)***
***Skuif nywerhede na landelike gebiede om meer werkers na die landelike gebiede te lok. (2)***
***SDI sal daartoe lei dat die plaaslike regering in ruimtelike ontwikkeling in die gebied belê. (2)***
***Infrastruktuurontwikkeling om beleggings in die gebied te lok. (2)***
***[Enige VIER]*** (4 x 2) (8)
**(15)**

1.4 Verwys na die gevallestudie oor die groei van Suid-Afrikaanse stedelike nedersettings hieronder.

**DIE GROEI VAN SUID-AFRIKAANSE STEDELIKE NEDERSETTINGS**

In 1990 het 52% van Suid-Afrikaners in stedelike nedersettings gewoon, maar ’n skamele 30 jaar later woon meer as 67% van Suid-Afrika se bevolking in stede en dorpe. Die bevolkingsdigtheid binne die land het gestyg, en staan op 46 inwoners per vierkante kilometer, wat beteken dat meer mense ’n kleiner ruimte deel. Baie geleenthede vir werk en ontspanning kan in die stedelike dele van Suid-Afrika gevind word. In teorie skep stedelike nedersettings toestande vir verbeterde gesondheid, onderwys en ekonomiese aktiwiteite omdat dienste oor ’n kleiner gebied gekonsentreer is. In die praktyk, vinnige verstedeliking verswak egter omgewings- en gesondheidstoestande, plaas groot druk op die verskaffing van dienste en moedig dit misdaad en sosiale spanning aan.

Gauteng het die grootste en vinnigste groeiende bevolking van al nege provinsies in Suid-Afrika. Die provinsie het tussen 2010 en 2020 ’n bevolkingstoename van 33,7% ervaar, wat meer as dubbel is van die gemiddelde nasionale bevolkingstoename.

**[Bron: Aangepas vanuit: Oxford South African Thematic Atlas for grades 7-9]**

1.4.1 Definieer die term *verstedeliking.*

***’n Toename in die persentasie of proporsie mense wat in stedelike gebiede woon. (2)***
[KONSEP] (1 x 2) (2)

1.4.2 Verskaf EEN faktor vanuit die gevallestudie wat aandui waarom mense verkies om in stedelike gebiede te woon.

***Baie geleenthede vir werk en ontspanning (1)***
***Verbeterde gesondheid (1)***
***Verbeterde onderwys (1)***
***Ekonomiese aktiwiteite (1)***
***Dienste gekonsentreer in ’n klein area (1)***
***[Enige EEN]*** (1 x 1) (1)

1.4.3 Volgens die gevallestudie verswak "vinnige verstedeliking omgewings- en gesondheidstoestande". Beskryf hoe vinnige verstedeliking die agteruitgang van omgewings- en gesondheidstoestande tot gevolg het.

***<u>Omgewing:</u>***
***Meer mense en aktiwiteite in die stedelike gebiede sal meer omgewingsprobleme tot gevolg hê, bv., besoedeling. (2)***
***Hoër bevolkingsdigtheid sal lei tot uitputting van natuurlike hulpbronne. (2)***
***Meer infrastruktuurontwikkeling, bv., paaie, huise sal die vernietiging van die natuurlike omgewing tot gevolg hê. (2)***
***Meer mense sal lei tot verhoging in temperatuur (stedelike hitte-eiland/besoedelingskoepel/rookmis) wat lei tot verandering in die natuurlike omgewing.(2)***

***<u>Gesondheid:</u>***
***Meer mense sal 'n toename in besoedeling veroorsaak wat n negatiewe uitwerking op die gesondheid van mense sal hê. (2)***
***Hoër bevolkingsdigtheid lei tot meer stresverwante harttoestande/ angstigheid. (2)***
***Hoë bevolkingsdigtheid sal lei tot die vinnige verspreiding van siektes, bv., COVID-19. (2)***
***Hoë bevolkingsdigtheid sal druk op gesondheidsdienste plaas wat sal lei tot verslegtende gesondheidstoestande van die bevolking. (2)***

***[EEN moet op die omgewing wees en EEN moet op gesondheidstoestande wees]***
***[Enige TWEE]*** (2 x 2) (4)

1.4.4 Verduidelik waarom die gevallestudie na Gauteng verwys as die provinsie met die grootste en vinnigste groeiende bevolking in Suid-Afrika.

***Gauteng is sentraal geleë wat beteken dat dit is baie toeganklik wees via pad, lug en spoor. (2)***
***Gauteng het 'n hoë konsentrasie nywerhede. (2)***
***Gauteng het 'n goed ontwikkelde infrastruktuur. (2)***
***Gauteng is die ekonomiese middelpunt van die land. (2)***
***Baie geleenthede vir werk en ontspanning kan in Gauteng gevind word. (2)***
***[Enige EEN]*** (1 x 2) (2)

1.4.5 Evalueer die effek van verstedeliking op die verskaffing van dienste in Gauteng.

***Meer mense sal veilige, redelik beskikbare watervoorrade verminder. (2)***
***Hoë vraag na water lei tot swak voorsiening van water vir sanitasie, dreinering en verkryging van vaste afval. (2)***
***'n Hoë aanvraag na dienste sal 'n begrotingsdruk op munisipaliteite plaas. (2)***
***Hoë vraag na elektrisiteit sal die lewering van elektrisiteit onder druk plaas as gevolg van die toenemende persentasie mense in stedelike gebiede. (2)***
***Hoër bevolking vereis dat meer klinieke gebou word om mediese dienste aan 'n hoër bevolking in stedelike gebiede te verskaf. (2)***
***Meer mense in stedelike gebiede beteken meer mense wat rommel strooi wat op sy beurt beteken dat meer bestee moet word aan die verwydering van vullis. (2)***
***Druk op reeds onderdrukte openbare vervoerstelsels – mense maak gebruik van "Uber/Bolt" – meer druk op pendelaars se sakke. (2)***
***Groter vraag na opvoedkundige dienste. (2)***


***[Enige DRIE]***

(3 x 2) (6)

**[Aanvaar enige stedelike dienste]** **(15)**

1.5 Verwys na die volgende infografika oor armoede in Suid-Afrika.


**Graad van armoede in Suid-Afrika per provinsie**




Armoede is maklik om te sien, maar minder maklik om te definieer – of om oor 'n stad, 'n provinsie of 'n land te meet. Baie maatstawwe van armoede is op geld gebaseer. As 'n persoon op minder as 'n sekere drempel van inkomste leef, word dit beskou dat hulle in armoede leef.

Robert Haveman

**INFORMELE NEDERSETTING**



**[Bron: https://southafrica-info.com/people/mapping-poverty-in-south-africa/]**

1.5.1 (a) Identifiseer die provinsie in die infografika met die hoogste armoedesyfer in Suid-Afrika.

***Gauteng (1)*** (1 x 1)

(b) Verklaar die rede vir die hoër armoedekoers in die provinsie wat in VRAAG 1.5.1(a) geïdentifiseer is.

***Groot toestroming van mense uit ander provinsies of lande verhoog die mededinging om werk. (2)***
***Laer vergoeding as gevolg van 'n groot poel van arbeiders. (2)***
***Werkloosheid as gevolg van 'n groot aantal immigrante wat bereid is om te werk vir 'n laer betaling. (2)***
***Werkloosheid as gevolg van 'n gebrek aan vaardighede en kwalifikasies. (2)***
***[Enige EEN]*** (1 x 2) (2)

1.5.2 Gee TWEE voorbeelde wat aandui dat die mense in die fotobeeld van die infografika in armoede leef.

***Swak boustrukture (1)***
***Kinders is in die strate en nie by die skool nie/gebrek aan onderwys (1)***
***Mense wat self take doen omdat hulle nie 'n professionele persoon kan bekostig om die werk/ bewyse van handearbeid op foto (1)***
***Swak infrastruktuur (bv., behuising, paaie) (1)***
***[Enige TWEE]*** (2 x 1) (2)

1.5.3 Verduidelik hoe werkloosheid bydra tot armoede in stedelike gebiede.

***Mense sonder 'n inkomste kan nie bekostig om verbande/huur te betaal nie en wend hulle dus tot informele nedersettings. (2)***
***Mense sonder 'n inkomste kan hulself nie voed nie en dit lei tot meer bedelaars. (2)***
***Hoë armoedekoers as gevolg van werkloosheid plaas meer druk op die regering in die uitreiking van maatskaplike toelaes/meer toelaes sal betaal moet word. (2)***
***Groter druk op belastingbetalers om toelaes te subsidieer. (2)***
***Toename in die aantal haweloses aangesien hulle nie 'n inkomste het om behoorlike huise te bekostig nie. (2)***
***Werkloosheid sal lei tot die toename in misdaad in stedelike gebiede. (2)***
***Munisipaliteite bestee geld om die armes te voed in plaas daarvan om geld te bestee aan die verbetering van infrastruktuur, ens. (2)***
***[Enige TWEE]*** (2 x 2) (4)

1.5.4 Stel maniere voor hoe die plaaslike regering wat verantwoordelik is vir die gebied in die fotobeeld hierbo, armoede kan verminder.

***Help die inwoners met werkskepping, bv. entrepreneursprogramme. (2)***
***Fokus op projekte wat volhoubare inkomste in die gemeenskap kan genereer. (2)***
***Verspreiding van kos, klere en basiese benodigdhede aan die mense wat in die informele nedersetting woon. (2)***
***Voorsien die inwoners van goedkoper dienste soos elektrisiteit en water. (2)***
***Voorsien suksesvolle mentorskapprogramme, lewensvaardigheidskursusse en loopbaanbeplanningsprojekte aan die inwoners van die area. (2)***
***Ontwikkel vroue om uitreikprogramme in die area uit te voer. (2)***
***Belê geld in vaardigheidsontwikkeling sodat mense 'n geleentheid kan kry om 'n ordentlike werk te kry om 'n behoorlike inkomste te verdien. (2)***
***Verhoog toelaes om meer inflasieverwant te wees. (2)***
***Verskaf opleidingsgeleenthede aan inwoners om in spesifieke werke te spesialiseer sodat hulle werk kan kry om 'n inkomste te verdien. (2)***
***Gaan in vennootskap met suksesvolle besighede buite die gebied om geleenthede in die gebied in te bring vir mense om 'n inkomste te verdien. (2)***
***[Enige DRIE]*** (3 x 2) (6)

**(15)**

**[60]**

## VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

2.1 Gee EEN term om elk van die volgende ekonomiese aktiwiteite in die suikerbedryf te beskryf, deur ŉ term uit die lys hieronder te kies. Jy mag ŉ term meer as een keer gebruik. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

| Primêre sektor, Sekondêre sektor, Tersiêre sektor, Kwaternêre sektor |
|---|

2.1.1 ŉ Suikerboer neem arbeiders in diens om suikerriet te oes.

***Primêre sektor (1)***

2.1.2 Suikerriet word per vragmotor na ŉ suikerfabriek vervoer.

***Tersiêre sektor (1)***

2.1.3 Suiker word by die raffinadery vervaardig.

***Sekondêre sektor (1)***

2.1.4 ŉ Advertensie-agentskap word gebruik om die logo vir die verpakking van die suiker te ontwerp.

***Kwaternêre sektor (1)***

2.1.5 Verkoopsverteenwoordigers bemark die suiker by kleinhandelwinkels.

***Tersiêre sektor/ Kwaternêre sektor (1)***

2.1.6 Die suiker word na ander lande uitgevoer.

***Tersiêre sektor (1)***

2.1.7 Kliënte koop suiker aanlyn.

***Tersiêre sektor (1)/Kwaternêre sektor (1)***


2.1.8 Voorbereiding van landbougrond om suikerriet te plant.

***Primêre sektor (1)*** (8 x 1) (8)

2.2 Verwys na die infografika oor goud en kies die toepaslike woord(e) tussen hakies om die sin WAAR te maak. Skryf slegs die vraagnommer (2.2.1 – 2.2.7) en die korrekte antwoord in die ANTWOORDBOEK neer.

**GOUD – SLEUTELFEITE EN SYFERS**

- Die Witwatersrandkom bly die wêreld se grootste goudhulpbron.
- Goudverkope (bygedra tot BBP) het in 2019 met 3,7% tot R72,6 miljard gestyg.
- Goudproduksie het in 2019 afgeneem tot 101,3 ton.
- Teen die huidige goudprys is meer as die helfte van die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf marginaal.
- Suid-Afrikaanse goud maak slegs 4,2% van wêreldwye goudproduksie uit.
- Indiensneming in die goudsektor het oor die jare afgeneem.
- Die goudbedryf het tans 95 130 mense in diens (beide geskoolde en ongeskoolde).
- Totale werknemersverdienste het gestyg van R15,9 miljard in 2008 tot R24,3 miljard in 2019 (27,6 miljard in 2018).




**[Aangepaste bron: https://www.moneyweb.co.za/mineweb/anglogold-ashanti-bumped-off-list-of-top-10-mining-companies/ en https://www.mineralscouncil.org.za/sa-mining/gold]**

2.2.1 Mynbou is die (grootste/kleinste) bydraer tot die primêre sektor.

***grootste (1)***

2.2.2 Die totale waarde van goedere en dienste wat in ŉ land in een jaar geproduseer word, staan bekend as die (BNP/BBP).

***BBP (1)***

2.2.3 Die Witwatersrandkom is in die (Gauteng/Limpopo) provinsie geleë.

***Gauteng (1)***

2.2.4 Goudmynmaatskappye neem (ongeskoolde en geskoolde/slegs ongeskoolde) arbeid in diens.

***ongeskoolde/geskoolde (1)***

2.2.5 Die lae termiese gradiënt van Suid-Afrika se rotslae (verminder/verhoog) mynboukoste.

***Verminder (1)***

2.2.6 Anglo Gold en Khumba Gold gekombineer, het in 2021 (656/489) ton goud geproduseer.

***656(1)***

2.2.7 (Anglo Gold/Harmony Gold) mynmaatskappy produseer die meeste goud in Suid-Afrika.

***Anglo Gold (1)*** (7 x 1) (7)


2.3 Verwys na die infografieka hieronder wat inligting verskaf oor die Dube Handelshawe NOS.

**DUBE HANDELSHAWE NOS**

Strategies geleë aan die ooskus van Suid-Afrika, gekoppel aan twee van Afrika se groot seehawens, groot nasionale paaie en die tuiste van King Shaka Internasionale Lughawe, is die Dube Handelshawe NOS strategies geposisioneer by die kruising van plaaslike en globale intermodale vervoerroetes.

Die Dube Handelshawe NOS is ŉ 50-jaar meesterbeplande lugvrag- en passasierspilpunt, wat uit vyf besigheidsones bestaan:

1. Dube Handelsone : Vir elektronika, farmaseutiese en lugvaartvervaardiging, samestelling en verspreiding.
2. Dube Vragterminaal: ŉ Moderne vraghanteringsfasiliteit met digitale opsporing en veilige vragvloei deur statutêre liggame op die terrein.
3. Dube Agrisone: ŉ Gevorderde landbougebied wat wêreldklasgeriewe bied.
4. Dube Stad: ŉ Premium besigheids- en gasvryheidsgebied van 12 hektaar, net 3 minute van die passasiersterminaal af.
5. Dube iConnect (Konnekteer): ŉ Voorpunt-telekommunikasieplatform en vooraanstaande wolkdiensverskaffer.




**[Bronne: file:///C:/Users/GEO/Downloads/208227-Article%20Text-517726-1-10-20210607%20(1).pdf**
**http://www.tikzn.co.za/images/exportweek/presentations/EPW2018/Day%203%20-%20Dube%20TradePort%20Presentation.pd**
**https://www.dubetradeport.co.za/Pages/Special_Economic_Zone]**

2.3.1 Waarvoor staan die afkorting NOS?

***Nywerheidsontwikkelingsone (1)*** (1 x 1) (1)

2.3.2 Identifiseer die provinsie waarin die Dube Handelshawe NOS geleë is.

***KwaZulu-Natal (1)*** (1 x 1) (1)

2.3.3 Noem die hoof fisiese faktor wat die ligging van die Dube Handelshawe NOS beïnvloed het.

***Naby die Durbanse hawe (1)***
***Naby die King Shaka Internasionale Lughawe (1)***
***Goed ontwikkelde infrastruktuur (1)***
***[Enige EEN]*** (1 x 1) (1)

2.3.4 Hoe skep die Dube Handelshawe NOS die geleentheid vir industriële desentralisasie?

***Bied aantreklike diensafslag/regeringsaansporings (water/elektrisiteit/vervoer) vir hervestigde nywerhede. (2)***
***Verskaf belastingkortings/toegewings vir nywerhede wat gedesentraliseer is. (2)***
***Verskaf goed ontwikkelde infrastruktuur wat die produksiekoste sal verlaag. (2)***
***Voorsien goedkoper en oop stukke grond vir toekomstige ontwikkeling/groei van die bedryf. (2)***
***Bied toegang tot geskoolde en ongeskoolde arbeidsmag. (2)***
***Bied toegang tot hawens en vervoerskakels vir uitvoer van produkte. (2)***
***[Enige EEN]*** (1 x 2) (2)

2.3.5 Bespreek hoe die infrastruktuurontwikkeling van die Dube Handelshawe NOS kan bydra tot 'n positiewe handelsbalans vir die land.

***Die NOS het gehelp met die ontwikkeling van paaie vir die uitvoer en invoer van meer goedere. (2)***
***Uitvoer van goedere via die hawe sal handelsbalans verhoog. (2)***
***Die uitvoer van goedere via die lughawe sal die handelsbalans verhoog. (2)***
***As meer goedere in hierdie NOS vervaardig kan word, kan meer goedere uitgevoer word en sal die handelsbalans verhoog. (2)***
***[Enige TWEE]*** (2 x 2) (4)

2.3.6 Evalueer die sosio-ekonomiese impak van die Dube Handelshawe NOS op die plaaslike gemeenskap.

***Die Dube Handelshawe sal werksgeleenthede bied wat armoede sal verminder. (2)***
***Die opleiding van mense, sal die mense in die omgewing help om geskoolde werkers te word, daarom sal hulle 'n beter inkomste ontvang. (2)***
***Verlaging van misdaadsyfers omdat mense werk sal hê. (2)***
***Armoedeverligting/beter lewenstandaard omdat Dube Handelshawe geld in die area sal inbring. (2)***
***Verbeterde infrastruktuur as gevolg van die opgradering van die paaie en geboue wat die gemeenskap kan gebruik. (2)***
***Verbeterde dienslewering sal die plaaslike gemeenskap help om toegang tot lopende water en elektrisiteit te kry. (2)***
***Meer/beter behuising sal vir die gemeenskap voorsien word. (2)***
***Dra by tot die plaaslike ekonomie omdat meer mense werk sal hê en meer by die plaaslike winkels sal kan koop/toename in koopkrag. (2)***
***Nyweraars is betrokke by maatskaplike verantwoordelikheidsinisiatiewe om meer skole en opleidingsfasiliteite te bou. (2)***
***Die vermenigvuldigingseffek/ontwikkeling van geassosieerde of gekoppelde bedrywe sal meer werksgeleenthede verskaf. (2)***
***[Enige DRIE]*** (3 x 2) (6)

**(15)**


2.4 Verwys na die inligting in die infografika oor 'n kernnywerheidstreek in Suid-Afrika.

FEITE:
- ✓ 20% van SA se bevolking woon hier
- ✓ 370 mense/km$^2$
- ✓ 97% verstedelik
- ✓ 70% van SA se arbeidsmag woon hier
- ✓ 22% bydrae tot mynbousektor
- ✓ Bydrae tot 38% van SA se BBP

2. Die Noordelike Korridor is om Tshwane geanker as die administratiewe hoofstad van die stad en die middelpunt van die motorsektor, navorsing, ontwikkeling, innovasie en die kennisgebaseerde ekonomie

1. Die Sentrale Korridor is om die Stad van Johannesburg geanker as die middelpunt van finansiële dienste, IKT en farmaseutiese industrieë.

3. Die Oostelike Korridor is geanker rondom die ekonomie van die Ekurhuleni Metro as die spilpunt van vervaardiging, logistiek en vervoer.




4. Die Suidelike Korridor sluit die Sedibeng-distrik en die skepping van nuwe nywerhede, nuwe ekonomiese nodusse en nuwe stede in.

5. Die Westelike Korridor omsluit die ekonomie van die huidige Wes-Randse distrik en die skepping van nuwe nywerhede nuwe ekonomiese nodusse en nuwe stede.

**'n Probleem in hierdie gebied** ⇨

**TAXISTAAKING: Talle Soweto-pendelaars is gestrand gelaat**

Talle taxi-pendelaars is in dele van Soweto gestrand gelaat nadat operateurs gestaak het. Sommige pendelaars het naby verkeerskruisings staan in die hoop dat ander vorme van openbare vervoer hulle na hulle onderskeie bestemmings sou vervoer. Sommiges het geryloop sodat hulle by die werk kon kom. Die Bara-taxistaanplek, wat gewoonlik gons van bedrywighede, was Woensdag 'n spookdorp. Straatverkopers is ook deur die staking geraak.

**[Bron: https://link.springer.com/chapter/10. https://www.news24.com/Tags/Topics/taxi%20]**

2.4.1 Identifiseer die kernnywerheidsgebied wat in die bron uitgebeeld word.

***Gauteng/PWV/Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging (1)*** (1 x 1) (1)

2.4.2 Noem TWEE hoof nywerheidsaktiwiteite uit die infografika wat in hierdie kernnywerheidstreek geleë is.

***Farmaseutiese nywerhede (1)***
***Motorsektor (Motorvoertuigonderdele en -bykomstighede) (1)*** (2 x 1) (2)

2.4.3 Vanuit 'n ekonomiese oogpunt, verduidelik waarom 20% van die bevolking in Suid-Afrika in hierdie kernnywerheidstreek woon.

***Dit is 'n hoogs verstedelikte gebied, wat beteken dat daar baie werks/besigheids geleenthede is. (2)***
***Dit is die ekonomiese spilpunt van die land met twee hoofstede in die provinsie, naamlik Johannesburg en Pretoria. (2)***
***Dit dra grootliks by tot die finansiële, vervaardigings-, vervoer-, tegnologiese- en telekommunikasiesektore. (2)***
***Hierdie nywerheidsgebied huisves 'n groot aantal oorsese maatskappye wat 'n kommersiële basis in Gauteng benodig. (2)***
***Dit is die tuiste van die Johannesburgse Aandelebeurs, die grootste aandelebeurs in Afrika. (2)***
***Van die grootste maatskappye in Afrika en in die buiteland is in Gauteng gesetel, of het kantore en takke hier, bv., Vodacom. (2)***
***[Enige EEN]*** (1 x 2) (2)

2.4.4 Voorspel vanaf die infografika 'n uitdaging wat pendelaars in die kernnywerheidstreek sal ervaar weens die bevolkingsdigtheid en taxistaking.

***Gebrek aan openbare vervoer (2)*** (1 x 2) (2)

2.4.5 Hierdie nywerheidstreek dra tot 38% van die land se BBP by. Ontleed in ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls die ekonomiese impak wat ŉ taxistaking in hierdie kernnywerheidstreek op die BBP van die land sal hê.

***Dit sal ŉ beduidende impak hê op mense wat werk toe en teruggaan – as hulle nie by die werk kan kom nie, verloor hulle inkomste. (2)***
***Die taxibedryf gaan geld verloor en hulle maak ŉ groot bydrae tot die BBP van die land. (2)***
***As mense nie hul werkplekke kan bereik nie, sal minder handel plaasvind, daarom sal die BBP daal. (2)***
***As mense nie kan gaan werk nie, sal fabrieke tot stilstand kom dus geen produktiwiteit nie. Dit sal beteken dat daar geen inkomste is nie en die BBP sal daal. (2)***
***Die bydrae van Gauteng tot die BBP sal afneem omdat mense nie vervoer sal hê om by die werk te kom nie. (2)***
***As die werkers nie werk toe gaan nie, sal hulle nie betaal word nie en hulle sal minder geld hê om aan goedere en dienste te spandeer. (2)***
***Die vermenigvuldigingseffek sal geraak word omdat indien mense nie gaan werk nie, sal hulle nie geld hê om in die winkels te spandeer nie, wat beteken dat minder winkelwerkers nodig is. (2)***
***Ander bedrywe wat staatmaak op werkers wat taxi's gebruik, sal ŉ afname in produksie hê wat ŉ afname in inkomste vir die dag beteken. (2)***
***[Enige VIER]*** (4 x 2) (8)

**(15)**

2.5 Verwys na die onderhoud tussen Refiwe Moloto en Zanele Khomo hieronder, oor voedselsekerheid in KwaZulu-Natal.

**Cape Talk Show, gasheer Refiwe Moloto gesels met Zanele Khomo van die Durbanse Kamer van Koophandel en Nywerheid oor die plundering in KZN.**

Die Durbanse Kamer van Koophandel en Nywerheid het gewaarsku dat die burgerlike onrus en openbare geweld in KwaZulu-Natal heel waarskynlik tot werkverliese en voedseltekorte in die land sal lei.

“KZN dra spesifiek tot 16% van Suid-Afrika se BBP by, soveel skade is nadelig vir ons ekonomie,” sê Zanele Khomo, die Hoofgroeibeampte van die Durbanse Kamer van Koophandel en Nywerheid.

Khomo sê die plundering en vernietiging sal lei tot voedselonsekerheid en verlies aan lewensinkomste aangesien baie fabrieke en voedselprodusente gesluit het.
Volgens die Durbanse Kamer van Koophandel en Nywerheid het die koste van die skade in die provinsie Maandag alreeds R100 miljoen oorskry en dit sou na verwagting in die dae en weke wat kom aanhou styg.

Khomo sê amptenare van die Durbanse Kamer van Koophandel en Nywerheid het Maandag met Sihle Zikalala, premier van KwaZulu-Natal, vergader om ŉ uitslag van die situasie te gee.

**[Aangepas vanuit bron: https://www.capetalk.co.za/articles/421778/kzn-looting-will-affect-food-securty-job-security-and-livelihoods-durban-chamber-of-commerce, Capetalk 567 AM]**

2.5.1 Definieer die term *voedselonsekerheid*.

***'n Toestand waarin mense nie genoeg voedsame kos het nie en dalk nie weet waar hul volgende maaltyd vandaan sal kom nie. (2)***
***[KONSEP]*** (1 x 2) (2)

2.5.2 Haal EEN direkte gevolg van die burgerlike onrus en openbare geweld in KwaZulu-Natal, op voedselsekerheid, uit die uittreksel aan.

***Voedseltekorte (1)*** (1 x 1) (1)

2.5.3 Beskryf hoe die onrus tot voedselonsekerheid kon gelei het.

***Die oproer en plundery, veral in KZN, het produksie vanaf plase beïnvloed aangesien daar geen werkers was nie. (2)***
***Die oproer en plundering het kritieke aktiwiteite soos oeste belemmer. (2)***
***Sommige produkte kon nie geoes word nie as gevolg van onlusverwante vandalisme. (2)***
***Boere het versuim om produkte na die Durbanse hawens te vervoer vir uitvoer. (2)***
***Aflewerings aan die mark was nie moontlik nie. (2)***
***Baie werkers in die landbousektor in KZN kon nie tydens die oproer vir werk aanmeld nie. (2)***
***Verspreidingsentrums was nie toeganklik vir die boeregemeenskap om hul produkte te lewer nie. (2)***
***Verspreidingsentrums kon nie voedsel aan hul kliënte lewer om te verkoop nie. (2)***
***Oproer en plundery het inkomsteverliese van hoogs bederfbare produkte tot gevolg gehad. (2)***
***[Enige EEN]*** (1 x 2) (2)

2.5.4 Bespreek die verband tussen werkloosheid en voedselonsekerheid.

***Werklose mense is minder in staat om genoeg gesonde kos te koop om hulself te voed. (2)***
***Wanneer werkloosheid toeneem, word voedselonsekerheid 'n ernstiger probleem. (2)***
***Honger en swak voeding kan fisiese en geestelike swakhede tot gevolg hê wat sal lei tot afwesigheid van die werk. (2)***
***Voedselonsekerheid kan werkloosheid en armoede veroorsaak as gevolg van die swak gesondheid van werkers. (2)***
***Hoe hoër die werkloosheid, hoe hoër is die koers van voedselonsekerheid. (2)***
***[Enige TWEE]*** (2 x 2) (4)

2.5.5 Watter strategieë kan die regering implementeer om voedselonsekerheid te voorkom in die gebiede wat geraak word deur die burgerlike onrus en openbare geweld in KwaZulu-Natal?

***Beskerm voedselvoorsieningskettings en beskou dit as noodsaaklike dienste. (2)***
***Prioritiseer die verskaffing van voedsel aan die geaffekteerde gebiede. (2)***
***Plaas 'n uitvoerverbod op voedselprodukte en voorsien eers die geaffekteerde gebiede. (2)***
***Skep sekuriteit by die voedselmarkte in hierdie gebiede. (2)***
***Verbeter voedselbeskikbaarheid as 'n prioriteit in die geaffekteerde gebiede. (2)***
***Voedselnoodbestuurstelsels moet in plek gestel word. (2)***
***Die beweging van goedere, insluitend voedsel en landbouprodukte op die paaie na hierdie gebiede, moet geprioritiseer word. (2)***
***Subsidieer voedselpryse sodat mense kan dit bekostig om kos te koop. (2)***
***[Enige DRIE]*** (3 x 2) (6)

**(15)**


**[60]**

**TOTAAL AFDELING A: 120**

## AFDELING B

## VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

**AGTERGRONDINLIGTING OOR EMJEJANE**




Koördinate: 25°26' S 31°41' O

Emjejane, voorheen bekend as Hectorspruit, is ŉ klein plaasdorpie geleë tussen Kaapmuiden en Komatipoort op ŉ suidelike sytak van die Krokodilrivier in Mpumalanga, Suid-Afrika. Die plase in die streek produseer suikerriet, subtropiese vrugte en groente. Die ligging van Emjejane skep uitstekende geleenthede vir voornemende beleggers en besighede om hulself te vestig in die gebied langs die N4-vervoerroete wat die Maputo Ruimtelike Ontwikkelingskorridor bedien.

**[Bron: https://mpumalanga.online/emjejane/]**

Die volgende Engelse terme en hul Afrikaanse vertalings word op die topografiese kaart gewys.

| **ENGELS** | **AFRIKAANS** |
|---|---|
| Diggings | Uitgrawings |
| Firebreak | Voorbrand |

3.1 **KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE**

3.1.1 ***B (1)/plattelandse dorp***

3.1.2 ***C (1)/Mpumalanga***

3.1.3 ***D (1)/Al die bogbenoemde*** (3 x 1) (3)

Verwys na kolhoogte 274 (blok **A1**) en kolhoogte 271 (blok **B3**) op die topografiese kaart.

3.1.4 In watter jaar is die kaart saamgestel?

***2014 (1)*** (1 x 1) (1)

3.1.5 Gebruik die antwoord vir VRAAG 3.1.4 om die huidige verskil in jare te bereken.

***2022 – 2014 = 8 (1) jare*** (1 x 1) (1)

3.1.6 Die jaarlikse verandering is 5' weswaarts. Bereken die gemiddelde jaarlikse verandering in 2022.

***8 x 5' = 40' (1)*** (1 x 1) (1)

3.1.7 Gebruik die antwoorde op VRAAG 3.1.6 om huidige magnetiese deklinasie te bereken.

***18° 28' + 40' = 18° 68' = 19° 08' W of Ware Noord (1)*** (1 x 1) (1)

3.1.8 Bereken die ware peiling van punthoogte 271 in blok **B3** vanaf punthoogte 274 in blok **A1**.

***106° (2) – omvang (105º – 107º)*** (1 x 2) (2)

3.1.9 Bepaal die antwoorde op VRAAG 3.1.7 en 3.1.8 om die magnetiese peiling te bereken vanaf punthoogte 274 in blok **A1**, tot punthoogte 271 in blok **B3**.

***106° + 19° 08' = 125° 08' (1) Speling (124º 08' – 126º 08')*** (1 x 1) (1)

**(10)**

3.2 **KAARTINTERPRETASIE**

Verwys na die boerdery (Hectorspruit Sitruslandgoed) in blok **D1** van die topografiese kaart.

3.2.1 Wat is die doel van die reguit ry bome op die Hectorspruit Sitruslandgoed?

***Dien as 'n windversperring /Die ry bome beskerm die sitrusbome teen die wind. (1)*** (1 x 1) (1)

3.2.2 Verteenwoordig boerdery in hierdie area grootskaalse of kleinskaalse boerdery?

***Grootskaalse boerdery (1)*** (1 x 1) (1)

3.2.3 Verskaf bewyse vanaf die kaart om jou antwoord op VRAAG 3.2.2 te ondersteun.

***Verbouing van gewasse op 'n groot stuk grond/landgoed (2)***
***Produksie is op groot skaal. (2)***
***Oor die algemeen, monokultuur (Een tipe gewas – Sitrus) (2)***

***[Enige EEN]*** (1 x 2) (2)

Verwys na die N4-hoofweg wat van oos na wes loop op die topografiese kaart.

3.2.4 Identifiseer die ROI wat langs die N4-hoofweg ontwikkel het.

***Maputo Ruimtelike Ontwikkelings Korridor (1)*** (1 x 1) (1)

3.2.5 Gee bewys vanaf die topografiese kaart dat die ROI genoem in VRAAG 3.2.4 infrastruktuurontwikkeling in Emjejane stimuleer.

***Paaie in aanbou (1)***
***Padwerke (1)*** (1 x 1) (1)

3.2.6 Bespreek hoe die ontwikkeling wat in VRAAG 3.2.5 geïdentifiseer is, ekonomiese groei in Emjejane tot gevolg kon hê.

***Verskaf werk aan plaaslike inwoners in die bou van paaie - opheffing van gemeenskappe. (2)***
***Verskaf ander infrastruktuurontwikkeling (gee voorbeelde). (2)***
***Moedig entrepreneurskap aan – plaaslike inwoners open besighede om die werkers te voorsien wat in diens is om die paaie te bou. (2)***
***Moedig ander verwante nywerhede aan om rondom die N4 te ontwikkel en skep dus meer werksgeleenthede en genereer meer inkomste. (2)***
***Verbygaande padverkeer sal besigheidsontwikkeling tot gevolg hê aangesien die pendelaars sal stop en produkte koop (2)***
***Verbygaande verkeer sal inkomste in die gebied inbring. (2)***
***Ontwikkeling van paaie moedig vervoer van goedere aan. (2)***
***[Enige EEN]*** (1 x 2) (2)

Verwys na Nedersetting 7 en Nedersetting 8 op die ortofotokaart.

3.2.7 Watter van die nedersettings, **7** of **8**, word as ʼn informele nedersetting beskou?

***7 (1)*** (1 x 1) (1)

3.2.8 Verskaf bewyse vanaf die ortofotokaart om jou antwoord op VRAAG 3.2.7 te ondersteun.

***Geen sigbare infrastruktuur, bv., paaie nie. (2)***
***Geen behoorlike behuisingstrukture nie. (2)***
***Wonings lyk tydelik/maak skofwonings. (2)***
***Ontwikkeling lyk onbeplan. (2)***
***Groepering van boustrukture (2)***

***[Enige EEN]*** (1 x 2) (2)

3.2.9 Waar sou die meeste van die inwoners van die informele nedersetting in diens geneem word?

***Op die sitruslandgoed (1)***
***In padkonstruksie (1)***
***[Enige EEN]*** (1 x 1) (1)
**(12)**

## 3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

Verwys na die spoorlyne in Blok **A1** en **B1** op die ortofotokaart.

3.3.1 Data-integrasie is die kombinasie van verskillende tipes data en datalae van ʼn spesifieke area vir die doel van besluitneming. Noem TWEE datalae wat ʼn ingenieur sal oorweeg voor die beplanning van die roete wat die spoorlyne sal volg.

***Helling/reliëf van die grond (1)***
***Dreinering/water (1)***
***Tipe grond/onderliggende rotsstruktuur (1)***
***[Enige TWEE]*** (2 x 1) (2)

3.3.2 Verduidelik hoe data-integrasie stadsingenieurs gehelp het toe hulle die ontwikkeling van die spoorlyne beplan het.

***ʼn Opsomming van geïntegreerde data word gemaak wat dit makliker maak om data te ontleed om die beste manier vir die ligging van die spoorlyn te bepaal. (2)***
***Voorbeelde: Die helling/reliëf sal die dreinering van water beïnvloed. (2)***
***Die onderliggende rotsstruktuur en die reliëf van die gebied sal die bou van spoorlyne ondersteun. (2)***
***[Enige EEN]*** (1 x 2) (2)

Verwys na die ortofotokaart.

3.3.3 Data vir die ortofotokaart is deur die proses van afstandwaarneming ingesamel. Definieer *afstandwaarneming*?

***Kry van data oor die aarde se oppervlak van 'n afstand af, sonder om in kontak met die aarde se oppervlak te wees. (2) Verkry data van bo/vertikaal. (2)***
[KONSEP] (1 x 2) (2)

3.3.4 Hoe het afstandwaarneming ontwikkelaars gehelp met die ontwikkeling van die Maputo-korridor (N4) langs blokke **D4** en **D5**?

***Data kan vir ontoeganklike gebiede ingesamel word om te bepaal waar die ideale ligging sal wees om die korridor te bou. (2)***
***Groot areas kan as beelde vasgelê en ontleed word om die ideale area vir die bou van die korridor te identifiseer. (2)***
***Waarneming van die area kon vinnig gedoen word. (2)***
***Ontwikkelaars het, met verloop van tyd, konsekwente beelde van die area gehad om te bepaal wat die mees koste-effektief sal wees. (2)***
***[Enige EEN)*** (1 x 2) (2)
**(8)**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**TOTAAL: 150**